**REDAKSIONEEL**

## DIE G.T.V.-VERGADERING

IN hierdie uitgawe verskyn die voordragte wat op die jaarvergadering van die G.T.V. te Pretoria gehou is oor kerk en pers. 'n Interessante historiese beskouing saam met 'n prinsipiële besinning is ons gebied. In die tweede referaat kan ons lees dat die kerk die opdrag het om die Woord van God te laat heers ook oor die pers. Daar is die Koninkryksperspektief wat eis dat die pers diensbaar moet wees aan die beginsels van die Bybel.

Miskien vertolk ek die gevoelens van baie wat op die jaarvergadering teenwoordig was wanneer ek spreek van onbehae en onmag by ons in die kerk ten opsigte van die pers. Ons voel ons onmagtig om te verander wat ons bekritiseer. Tog lê daar 'n roeping aan die kant van die kerk. Ek dink dat ons as kerk 'n konfrontasie met die pers moet aandurf.

Wanneer ons kyk na die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika dan kan ons duidelik drie fases onderskei. Na 'n periode van *emansipasie* toe die kerk nog veelsins soos die van Korinthe bestaan het uit nie baie magtiges en nie baie edeles nie het daar 'n tydperk van *konsolidasie* gekom. Mede deur 'n Christelike universiteit het lidmate hoog opgeklim op die maatskaplike leer. Dis vir my altyd nog besonder bemoedigend dat van ons lidmate wat hoë poste in die land beklee nie skaam is om in die kerk van Christus in 'n besondere amp te dien en hulle gewig in te gooi nie.

Nou het ons egter die periode van *konfrontasie* ingegaan. Ons word as kerk gekonfronteer met 'n voortgaande sekularisasie. Ons word as kerk op die terrein van die sending, in ons volkereverhoudinge, in ons deel wees van die swart kontinent Afrika gekonfronteer met baie probleme. So word ons as lidmate van die kerk ook gekonfronteer met die pers soos hy vandag is en hom aanbied.

Sal die kerk hierdie konfrontasie op die regte wyse en ook tot seën van ons persorgane hanteer dan sal die kerk meer en meer ook 'n *Jakobuskerk* moet wees. Hierdie benaming vir die kerk kom van dr. C. Rijnsdorp na aanleiding van die bekende boek van Helmut Gollwitzer, Die reichen Christen und der arme Lazarus, 1969, p. 29. Die Oosterse kerk het homself gesier met die naam *Johanneskerk*. Die R.K. Kerk voer die pretensie 'n *Petruskerk* te wees. Die kerk van die Reformasie kan ons sonder teenspraak as 'n *Pauluskerk* aandui.

Gollwitzer sê in sy boek dat Jakobus nie in teenspraak met Paulus is nie, maar dat hy eenvoudig onderstreep wat al deur Paulus getuig is.

Met die uitdrukking Jakobuskerk word dan alleen bedoel dat die kerk soos Jakobus in sy brief die moed moet hê om die praktiese konsekwensies te trek uit die Evangelie van vrye genade, ook vir die lewe van elke dag.

Daar is 'n verdwaalde uitspraak van prof. Herman Bavinck wat soos volg lui: „Juist omdat de kerk de zonde bestrijdt, bestrijdt ze die altijd en overal" (C. Rijnsdorp, Wij zijn de vaders, 1972, p. 120).

Jakobus het die lyn van Paulus deurgetrek na die praktyk van die alledaagse lewe en met vrymoedigheid die sonde in die samelewing van sy tyd bestry sonder om te verval in 'n eensydige horisontalisme.

Dit sal nie help om onder mekaar ons misnoeë oor die pers te uiter en verder daar niks aan te doen nie. Ons help ons persmanne en ons dien die volk wanneer ons in die gees maar ook met die skerpte van 'n Jakobus kritiek lewer. Sonder om in negativisme en sektariese preutsheid te verval, moet die kerk tog vir die pers wys wat volgens haar oordeel nie in 'n koerant behoort nie. Die verbondsbelofte verplig ons om uit ons huise te weer koerante en tydskrifte waarin bikini-parades, die leefwêreld van filmsterre, in een woord die uitstalling van die sonde aangebied word. Dan liewer 'n seksionele lyfblad of glad nie 'n koerant nie.

Ek onthou uit my studentetyd 'n beeld van prof. K. Schilder wat gesê het: „Wanneer jy die vloer gaan dweil, dan moet jy eers die kraan toemaak".

Ter wille van kerk en volk, ter wille van onsself en ons kinders moet ons daarom die konfrontasie met die pers nie sku nie. Uit die mond van een van die referente kon ons verneem dat die pers eerlike, opbouende kritiek van die kerk selfs verwelkom. Die tweede referent het dit selfs gebring onder die noemer van ons Koninkryksroeping.

Wanneer die jaarvergadering ons dieper tot die besef gebring het dat ons ook ten opsigte van die pers 'n Koninkryksroeping moet vervul dan was ons saamtrek nie tevergeefs nie.

Die beide bydraes in hierdie nommer oor nuwe ontwikkelinge op die gebied van die kategese en oor die swart teologie is m.i. 'n voorbeeld van goeie konfrontasie.

## 'N DRINGENDE VERSOEK

Die stroom van referate wat op die verskillende G.T.V.'s gelewer word kom maar drupsgewyse uit by die redaksie. Noudat ek nog 'n rukkie as hulpredakteur die leisels van ons blad sal moet hou, wil ek tog 'n dringende versoek rig aan ons broeders wat hierdie jaar al iewers opgetree het om tog maar die vrymoedigheid te neem om hulle referaat aan te stuur.

Ons verwelkom elke bydrae en deur publikasie van al ons referate kry ons in In die Skriflig 'n duidelike beeld van wat daar onder ons aan die gang is aan teologiese besinning en hoe daar geworstel word met die vrae en probleme van ons tyd.

## DIE KOLLEKTE

Ten slotte dan nog die aankondiging en ook die aanbeveling van die kollekte. Van die kant van die administrasie gaan daar 'n omsendbrief na alle kerkrade vir donasies. Waar moontlik moet ons lede tog maar hierdie poging steun. Reaksies uit die buiteland toon dat dit die moeite werd is om die blad in die binneland aan die gang te hou.

L.F.